



OFFISIËLE KOERANT

van Suidwes-Afrika.

Uitgegeef op gesag.

OFFICIAL GAZETTE

of South West Africa.

Published by Authority.

1/- Vrydag, 1 Maart 1940. WINDHOEK Friday, 1st March, 1940. No. 833

INHOUD.

CONTENTS.

	Bladsy.		Page.
Proklamasies —		Proclamations —	
No. 28 (Unie). Landsnoodtoestand-regulasies: Beheer oor Handelskeepvaart: Wysiging	2603	No. 28 (Union). National Emergency Regulations: Merchant Shipping Control: Amendment	2603
No. 31 (Unie). Proklamasie aangaande Landsnoodtoestand: Wysiging van	2603	No. 31 (Union) Proclamation relating to National Emergency: Amendment of	2603
No. 32 (Unie). Proklamasie aangaande die Beheer van Handel met die Vyand: Aanvulling en Wysiging van	2605	No. 32 (Union). Proclamation relating to the Control of Trading with the Enemy: Amplification and Amendment	2605
No. 33 (Unie). "Zuid-Afrika Verdedigings Wet 1912": Toepassing op Vrywilligers wat diens doen buite die grense van Suid-Afrika	2605	No. 33 (Union) South Africa Defence Act, 1912: Application to Volunteers who are serving outside the Limits of South Africa	2605
No. 34 (Unie). Proklamasie aangaande Landsnoodtoestand: Wysiging van	2605	No. 34 (Union). Proclamation relating to National Emergency: Amendment of	2605
No. 35 (Unie). Proklamasie aangaande Landsnoodtoestand: Wysiging van	2606	No. 35 (Union). Proclamation relating to National Emergency: Amendment of	2606
No. 38 (Unie). Vredesbeamptes—(Oostelike Caprivi Zipfel) Proklamasie 1940	2608	No. 38 (Union). Peace Officers (Eastern Caprivi Zipfel) Proclamation, 1940	2608
No. 5. Wysigingsproklamasie op Banke 1940	2609	No. 5. Banks Amendment Proclamation, 1940	2609
Goewermenskennisgewings —		Government Notices —	
No. 264 (Unie). Asiats verbied om die Unie of Mandaatgebied te verlaat	2609	No. 264 (Union). Asiatics prohibited from leaving the Union or Mandated Territory	2609
No. 28. Kommissaris van Ede, Distrik Warmbad: Aanstelling as	2610	No. 28. Commissioner of Oaths, District Warmbad: Appointment as	2610
No. 29. Skut te Windhoek: Aanstelling van Skutmeester	2610	No. 29. Pound at Windhoek: Appointment of Poundmaster	2610
No. 30. Regulasies ten aansien van die Invoer van Vee en Produkte uit die Betsjoeanaland Protektoraat: Wysiging van	2610	No. 30. Regulations governing the Introduction of Stock and Produce from the Bechuanaland Protectorate: Amendment of	2610
No. 31. Heffing op Botter en Kaas	2610	No. 31. Levies on Butter and Cheese	2610
No. 32. Periodiekehof, Kalkfeld, Distrik Otjiwarongo: Verandering van Dag van Hofsetting	2611	No. 32. Periodical Court, Kalkfeld, District Otjiwarongo: Change of Day for holding of Court	2611
No. 33. Periodiekehof, Osire Sued, Distrik Otjiwarongo: Verandering van Dag van Hofsetting	2611	No. 33. Periodical Court, Osire Sued, District Otjiwarongo: Change of Day for holding of Court	2611
No. 34. Naturalisasie Lys, 1925: Wysiging van	2611	No. 34. Naturalization List, 1925: Amendment of	2611
No. 35. Aanvullende Naturalisasie Lys, 1931: Wysiging van	2611	No. 35. Supplementary Naturalization List, 1931: Amendment of	2611
No. 36. Vierde Wetgewende Vergadering: Name van Verkose Lede	2612	No. 36. Fourth Legislative Assembly: Names of Elected Members	2611
Algemene Kennisgewings —		General Notices —	
No. 12. Lys van Plase onder kwarantyn op 10 Februarie 1940	2612	No. 12. List of Farms under quarantine as at 10th February, 1940	2612
No. 13. Bankeopgawes vir die kwartaal eindigende 31 Desember 1939	2613	No. 13. Bank's Statements for the quarter ended 31st December, 1939	2613
Advertensies —		Advertisements —	
Boedelkennisgewings, ens., ens.	2617	Estate Notices, etc., etc.	2617

PROKLAMASIES

VAN SY EKSELLENSIE DIE HOOGEDELAGBARE SIR PATRICK DUNCAN, LID VAN DIE MEES EERVOLLE GEHEIME RAAD VAN SY MAJESTEIT, GROOTKRUISRIDDER VAN DIE MEES ONDER-SKEIE ORDE VAN SINT MICHEL EN SINT JORIS, EEN VAN SY MAJESTEIT SE ADVOKATE BELESE IN DIE REG, DOKTOR IN DIE REGTE, GOEWER-NEUR-GENERAAL VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

No. 28, 1940 (Unie).]

Nademaal dit wenslik is om regulasie 33, wat in die Aanhangsel tot Proklamasie No. 316 van 1939 uiteengesit is, en wat by daardie Proklamasie by die Landsnoodtoestand-regulasies, uiteengesit in die Aanhangsel tot Proklamasie No. 201 van 1939, bygevoeg was, te wysig;

So is dit dat ek hierby proklameer, verklaar en bekendmaak dat genoemde regulasie 33 hierby gewysig word—

- (a) deur aan die end van paragraaf (a) van sub-regulasie (3) daarvan die woorde „en van steenkool vir uitvoer oorsee” by te voeg; en
- (b) deur aan die end van genoemde sub-regulasie (3) die volgende paragrawe by te voeg:—

„Die Komitee kan ook enige persoon, wat besig is met, of betrokke is by, die uitvoer oorsee of die vervoer per skip van die Unie van enige handels-artikel, beveel om enige informasie, deur die Komitee gespesifiseer, wat aan hom bekend is of wat vir hom moontlik is om te verkry, aan die Komitee te verstrek.

Enige persoon wat nalaat om gevolg te gee aan enige opdrag gegee, of enige voorwaarde opgelê, deur die Komitee by die uitoefening van sy bevoegdhede ingevolge hierdie sub-regulasie, of wat 'n valse verklaring maak in enige informasie wat hy by wyse van antwoord op sodanige opdrag verstrek, is aan 'n misdryf skuldig.”

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Agste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd en Veertig.

PATRICK DUNCAN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

R. STUTTAFORD.

No. 31, 1940 (Unie).]

NADEMAAL dit raadsaam is om die Landsnoodtoestand-regulasies wat vervat is in die Aanhangsel tot Proklamasie No. 201 van 1939, soos gewysig deur Proklamasie No. 334 van 1939 verder aan te vul en te wysig;

SO IS DIT dat ek hierby proklameer, verklaar en bekendmaak dat genoemde regulasies hiermee aangevul en gewysig word soos aangedui in die Aanhangsel tot hierdie Proklamasie.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die 15de dag van Februarie Een duisend Negehonderd-en-veertig.

PATRICK DUNCAN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie
die Goewerneur-generaal-in-rade.

J. C. SMUTS.

PROCLAMATIONS

BY HIS EXCELLENCY THE RIGHT HONOURABLE SIR PATRICK DUNCAN, A MEMBER OF HIS MAJESTY'S MOST HONOURABLE PRIVY COUNCIL, KNIGHT GRAND CROSS OF THE MOST DISTINGUISHED ORDER OF SAINT MICHAEL AND SAINT GEORGE, ONE OF HIS MAJESTY'S COUNSEL LEARNED IN THE LAW, DOCTOR OF LAWS, GOVERNOR-GENERAL OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

No. 28, 1940 (Union).]

Whereas it is expedient to amend Regulation 33 which is set forth in the Annexure to Proclamation No. 316 of 1939, and was added by that Proclamation to the National Emergency Regulations set forth in the Annexure to Proclamation No. 201 of 1939;

Now, therefore, I do hereby proclaim, declare and make known that the said Regulation 33 is hereby amended—

- (a) by the addition at the end of paragraph (a) of sub-regulation (3) thereof of the words “and of coal for export oversea”; and
- (b) by the addition at the end of the said sub-regulation (3) of the following paragraphs:—

“The Committee may also direct any person engaged in or concerned with the export oversea or the conveyance by ship of any commodity from the Union, to furnish to the Committee any information specified by it, which is within his knowledge or which it is possible for him to obtain.

Any person who fails to comply with any order issued, or any condition imposed, by the Committee in the exercise of its powers under this sub-regulation, or who makes any false statement in any information furnished in response to any such order, shall be guilty of an offence.”

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Cape Town on this the Eighth day of February One thousand Nine hundred and Forty.

PATRICK DUNCAN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

R. STUTTAFORD.

No. 31, 1940 (Union).]

WHEREAS it is expedient further to amplify and amend the National Emergency Regulations set forth in the Annexure to Proclamation No. 201 of 1939, as amended by Proclamation No. 334 of 1939;

NOW THEREFORE, I do hereby proclaim, declare and make known that the said regulations are hereby amplified and amended in the manner set forth in the Annexure to this Proclamation.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Cape Town on this the 15th day of February, One thousand Nine hundred and Forty.

PATRICK DUNCAN,
Governor-General.

By Command of His Excellency
the Governor-General-in-Council.

J. C. SMUTS.

AANHANGSEL.

WYSIGING VAN LANDSNOODTOESTAND-REGULASIE 8.

1. Regulاسie 8 van die Landsnoodtoestand-regulasies wat vervat is in die Aanhangsel tot Proklamasie No. 201 van 1939, soos gewysig op die wyse wat in die Aanhangsel tot Proklamasie No. 334 van 1939 aangedui word, word hiermee gewysig—

- (a) deur die toevoeging aan die end van sub-regulasie (1) van die woorde „en sluit „iemand in Duitsland” enige persoon in, waar hy ook al mag wees, na wie die versending van goedere, of van wie die bestelling of ontvangs van goedere, verbied geword is kragtens die magte verleen deur sub-regulasie (3) van regulاسie 8bis”;
- (b) deur die vervanging in sub-regulasie (9) van die woorde na die woord „omgesit” deur die woorde „in die taal-middel van die Unie teen ’n wisselkoers vasgestel deur die Minister”.

INVOEGING VAN NUWE LANDSNOODTOESTAND-REGULASIE 8ter.

2. Die volgende nuwe regulاسie word hiermee ingevoeg na regulاسie 8bis:—

Aanstelling van Bewaarder van Vyandseiendom en Kontroleur van die Eiendom of Besigheid van sekere Persone.

8ter (1) In hierdie regulاسie beteken „Minister” die Minister van Finansies of enige ander Minister wat in sy plek optree, en sluit „iemand in Duitsland” enige persoon in, waar hy ook al mag wees, na wie die versending van goedere, of van wie die bestelling of ontvangs van goedere, verbied geword is kragtens die magte verleen deur sub-regulasie (3) van regulاسie 8bis.

- (a) ’n Bewaarder van Vyandseiendom aanstel met die doel om eiendom wat aan hom betaal of oorgedra is, te ontvang, te hou, te beskerm, daarmee te handel, en dit van die hand te sit, en kan hy die magte wat die bewaarder ten opsigte van bedoelde eiendom kan uitoefen en die pligte wat hy ten opsigte daarvan moet nakom, voorskryf;
- (b) deur bevel, enige eiendom wat aan iemand in Duitsland of aan ’n Duitse staatsburger behoort, aan gemelde bewaarder oordra;
- (c) gemelde bewaarder magtig om sodanige fooie te hef in verband met die werksaamhede deur hom verrig, as wat die Minister mag bepaal.

3. Wanneer die Minister daarvan oortuig is—

- (a) dat die beheer of bestuur van die eiendom of besigheid in die Unie van iemand in Duitsland so beïnvloed is, of waarskynlik so beïnvloed sal word, deur die bestaande staat van oorlog tussen die Unie en die Duitse Ryk dat die doeltreffende voortsetting daarvan in gevaar gestel is; of
- (b) dat dit, met die doel om die ontduiking van enige van die bepalinge van regulاسie 8 of 8bis te voorkom, nodig is om enige eiendom of besigheid wat behoort aan iemand in Duitsland of ’n Duitse staatsburger of aan enige firma, vennootskap of maatskappy waarin iemand in Duitsland of ’n Duitse staatsburger belang of aandeel het,

kan hy ’n kontroleur ten opsigte van bedoelde eiendom of besigheid aanstel en, deur bevel, sodanige magte aan hom verleen as wat die Minister raadsaam ag om die eiendom of besigheid te bestuur, te likwdeer of andersins daarvoor te beskik.

4. Die Minister kan aan enigeen ’n bevel gee tot verstrekking van enige inligting wat so iemand tot sy beskikking het, en wat die Minister nodig ag vir die doel om behoorlik die magte wat deur hierdie regulاسie aan hom verleen is uit te voer, of om uitvoering te gee aan enige bevel deur hom gemaak kragtens hierdie regulاسie.

5. Die Minister kan sy bevoegdhede ingevolge hierdie regulاسie geheel of gedeeltelik aan enige andere persoon oordra.

6. Enigeen wat ’n bevel ontvang het ingevolge sub-regulasie (4), en wat versuim om daaraan gevolg te gee, of enigeen wat ’n valse verklaring maak in enige inligting verstrek na aanleiding van so’n bevel, of enigeen wat ’n persoon, wat aangestel is ingevolge sub-regulasie (2) as bewaarder van vyandseiendom of ingevolge sub-regulasie (3) as kontroleur van enige eiendom of besigheid, verhinder om die magte uit te oefen wat ingevolge hierdie regulاسie aan hom oorgedra is, is aan ’n misdryf skuldig.

ANNEXURE.

AMENDMENT OF NATIONAL EMERGENCY REGULATION 8.

1. Regulation 8 of the National Emergency Regulations set forth in the Annexure to Proclamation No. 201 of 1939, as amended in the manner set forth in the Annexure to Proclamation No. 334 of 1939, is hereby amended—

- (a) by the addition at the end of sub-regulation (1) of the words ‘and “person in Germany” includes any person wherever he may be, to whom the consignment of goods or from whom the ordering of goods has been prohibited under the powers conferred by sub-regulation (3) of regulation 8bis’;
- (b) by the substitution in sub-regulation (9) for the words after the word “converted” of the words “into the currency of the Union at a rate of exchange to be determined by the Minister”.

INSERTION OF NEW NATIONAL EMERGENCY REGULATION 8ter.

2. The following new regulation is hereby inserted after regulation 8bis:—

Appointment of Custodian of Enemy Property and of Controller of the Property or Business of certain Persons.

8ter (1). In this regulation “Minister” means the Minister of Finance, or any other Minister acting in his stead, and “person in Germany” includes any person, wherever he may be, to whom the consignment of goods or from whom the ordering or the receipt of goods has been prohibited under the powers conferred by sub-regulation (3) of regulation 8bis.

(2) The Minister may—

- (a) appoint a custodian of enemy property for the purpose of receiving, holding, preserving and dealing with and disposing of such property as may be paid to or vested in him, and prescribe the powers to be exercised and the duties to be performed by the custodian in respect of such property;
- (b) by order vest in the said custodian any property belonging to a person in Germany or a German national;
- (c) authorize the said custodian to charge such fees in respect of the functions performed by him as the Minister may determine.

3. Whenever the Minister is satisfied—

- (a) that the control or management of the property or business in the Union of a person in Germany has been or is likely to be so affected by the state of war existing between the Union and the German Reich as to endanger its effective continuance; or
- (b) that, in order to prevent the evasion of any of the provisions of regulations 8 or 8bis, it is necessary to control or manage any property or business belonging to a person in Germany or a German national, or to any firm, partnership or company in which a person in Germany or a German national has an interest or a share,

he may appoint a controller in respect of such property or business and by order, confer upon the said controller such powers as the Minister may deem expedient for managing, liquidating or otherwise dealing with the property or business.

4. The Minister may order any person to furnish any information at such person’s disposal which the Minister deems necessary for the purpose of properly exercising the powers conferred upon him by this regulation or of giving effect to any order made by him under this regulation.

5. The Minister may delegate to any other person all or any of the Minister’s powers under this regulation.

6. Any person who has received an order under sub-regulation (4) and who fails to comply therewith, or any person who makes any false statement in any information furnished in response to any such order, or any person who hinders any person who has been appointed under sub-regulation (2) as custodian of enemy property or under sub-regulation (3) as controller of any property or business in exercising any of the powers conferred upon him under this regulation, shall be guilty of an offence.

No. 32, 1940 (Unie).]

NADEMAAL dit raadsaam is om die voorskrifte van Proklamasie No. 3 van 1940 aan te vul en te wysig.

SO IS DIT dat ek hierby proklameer, verklaar en bekendmaak dat paragraaf 2 van die gemelde Proklamasie hierby vervang word deur die volgende paragraaf—

„2. As 'n vaartuig wat na die vierde dag van Desember 1939, uit 'n hawe buite Duitsland vertrek het, goedere bevat wat uit Duitsland verkry is, of wat deur of aan 'n persoon versend is aan wie die versending van goedere of van wie die bestelling of ontvangs van goedere verbied is kragtens die bevoegdheids verleen deur sub-regulasie (3) van regulasie 8bis van die Landsnoodtoestand-regulasies soos uiteengesit in die Aanhangel tot Proklamasie No. 334 van 1939, of waarin so'n persoon of 'n persoon in Duitsland 'n belang het, moet die gesagvoerder van daardie vaartuig op bevel van 'n beampste of offisier voormeld die goedere op 'n plek los wat deur gemelde beampste of offisier aangewys word.”

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die 15de dag van Februarie Een duisend Negenhonderd-en-veertig.

PATRICK DUNCAN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie
die Goewerneur-generaal-in-rade.
R. STUTTAFORD.

No. 33, 1940 (Unie).]

NADEMAAL dit nodig is om voorsiening te maak vir die toepassing op vrywilligers wat diens doen buite die grense van Suid-Afrika, van die „Zuid-Afrika Verdedigings Wet 1912” (Wet No. 13 van 1912), soos van tyd tot tyd gewysig en alle regulasies wat ingevolge daarvan opgestel is en die Reglement van Dissipline:

DERHALWE proklameer, verklaar en maak ek hiermee bekend dat lede van die Unie-Verdedigingsmagte, wat as vrywilligers aangesluit het, en geattesteer is, vir diens binne of buite Suid-Afrika, onderworpe sal wees aan die bepalinge van die „Zuid-Afrika Verdedigings Wet, 1912” (Wet No. 13 van 1912), soos van tyd tot tyd gewysig en alle regulasies wat ingevolge daarvan opgestel is en die Reglement van Dissipline.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die 15de dag van Februarie Een duisend Negenhonderd-en-veertig.

PATRICK DUNCAN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie
die Goewerneur-generaal-in-rade.
J. C. SMUTS.

No. 34, 1940 (Unie).]

NADEMAAL die Landsnoodtoestandregulasies soos uiteengesit in die Aanhangel van Proklamasie No. 201 van 1939, gedateer die veertiende dag van September 1939, by voormelde Proklamasie in werking gestel is;

EN NADEMAAL dit wenslik is om voormelde regulasies te wysig ten einde magtiging te verleen tot die betreding van enige grond en om vir vergoeding vir sodanige betreding voorsiening te maak;

DERHALWE proklameer, verklaar, en maak ek hiermee bekend dat voormelde regulasies hierby gewysig word soos uiteengesit in die Aanhangel van hierdie Proklamasie.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die veertiende dag van Februarie Een duisend Negenhonderd-en-veertig.

PATRICK DUNCAN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie
die Goewerneur-generaal-in-rade.
J. C. SMUTS.

No. 32, 1940 (Union).]

WHEREAS it is expedient to amplify and amend the provisions of Proclamation No. 3 of 1940:

NOW, THEREFORE, I do hereby proclaim, declare and make known that the following paragraph is hereby substituted for paragraph 2 of the said Proclamation:—

“2. If a vessel which departed after the 4th day of December, 1939, from a port outside Germany contains any goods which were obtained from Germany or which were consigned by or to a person to whom the consignment of goods or from whom the ordering or receipt of goods has been prohibited under the powers conferred by sub-regulation (3) of regulation 8bis of the National Emergency Regulations as set forth in the Annexure to Proclamation No. 334 of 1939, or in which any such person or any person in Germany has an interest, the Master of that vessel shall, on the order of such an officer as aforesaid, discharge the said goods at a place indicated by the said officer.”

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Cape Town on this the 15th day of February, One thousand Nine hundred and Forty.

PATRICK DUNCAN,
Governor-General.

By Command of His Excellency
the Governor-General-in-Council.

R. STUTTAFORD.

No. 33, 1940 (Union).]

WHEREAS it is necessary to make provision for the application of Volunteers who are serving outside the limits of South Africa, of the South Africa Defence Act, 1912 (Act No. 13 of 1912), as amended from time to time and all regulations framed thereunder and the Union Military Discipline Code:

NOW, THEREFORE, I do hereby proclaim, declare and make known that members of the Union Defence Forces who have volunteered, and have been attested, for service within or outside South Africa shall be subject to the provisions of the South Africa Defence Act, 1912 (Act No. 13 of 1912), as amended from time to time and all regulations framed thereunder and to the Union Military Discipline Code.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Cape Town this the 15th day of February, One thousand Nine hundred and Forty.

PATRICK DUNCAN,
Governor-General.

By Command of His Excellency
the Governor-General-in-Council.

J. C. SMUTS.

No. 34, 1940 (Union).]

WHEREAS the National Emergency Regulations set forth in the Annexure to Proclamation No. 201 of 1939, dated the fourteenth day of September, 1939, were brought into operation by the said Proclamation;

AND WHEREAS it is expedient to amend the said Regulations to make provision to enable entry to be made on any land and to provide for compensation for such entry:

NOW, THEREFORE, I do hereby proclaim, declare and make known that the said Regulations are hereby amended as set out in the Annexure to this Proclamation.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Cape Town this fourteenth day of February, One thousand Nine hundred and Forty.

PATRICK DUNCAN,
Governor-General.

By Command of His Excellency
the Governor-General-in-Council.

J. C. SMUTS.

AANHANGSEL.

Onderstaande nuwe regulasie word na Regulasie 6 ingevoeg:

BETREDING VAN ENIGE GROND EN VERGOEDING VIR SODANIGE BETREDING.

5*bis*.

1. Enige lid van die Unie-Verdedigingsmagte wat in die loop van sy plig as sodanig, en persone wat deur die Minister van Verdediging daartoe gemagtig is, kan, vir enige doel in verband met die Verdediging van die Unie, die voortsetting van die oorlog, die versekering van die publieke veiligheid of die onderhoud van noodsaaklike lewerings en dienste, enige werk op enige grond doen, of enigiets in, op of oor enige grond plaas.

2. Indien dit die Minister van Verdediging voorkom dat dit nodig of raadsaam is om dit te doen in die belang van die publieke veiligheid, die verdediging van die Unie, die doeltreffende voortsetting van die oorlog of die onderhoud van noodsaaklike lewerings of dienste, kan hy by bevel bepaal dat die doen van enige werk in die bevel genoem op enige besondere grond belet of beperk word, of dat die uitoefening van enige reg deur enige persoon ten opsigte van enige besondere grond belet of beperk word.

3. Iedereen wat, sonder dat verlof deur of namens die Minister van Verdediging verleen is, enige werk wat gedoen, of ding wat geplaas is in, op of oor enige grond ooreenkomstig hierdie regulasie, verander of hom daarmee bemoei, is skuldig aan 'n misdryf.

4. By die toepassing van hierdie regulasie, word die doen van werk, ten opsigte van enige grond, beskou as omvattende die slooping, afbreek, vernietiging of onbruikbaar maak van enigiets wat in, op of oor die grond geplaas is, die onderhoud van enige werk of ding in, op of oor die grond, en die verwydering vanaf die grond van enigiets aldus geplaas, gesloop of afgebreek ooreenkomstig hierdie regulasie.

5. Behoudens die bepalings van paragraaf 6 hiervan, is die eienaar van grond waarop sodanige werk soos voornoem, gedoen is, geregtig tot vergoeding vir skade wat aan sodanige grond veroorsaak is.

6. Waar 'n gebou opgerig is na die oprigting van 'n permanente verdedigingswerk of -vesting—

(a) indien sodanige gebou geheel of gedeeltelik gesloop word omdat dit die doeltreffende werking van genoemde werk of vesting belemmer, word die vergoeding beperk tot die koste van materiaal wat gebruik en die arbeid wat in diens geneem is by die oprigting van die gebou of die gedeelte daarvan wat gesloop word;

(b) is geen vergoeding betaalbaar vir enige skade aan sodanige gebou wat veroorsaak word deur die afvuur van 'n stuk geskut uit sodanige werk of vesting gedurende artillerie-oefenings nie.

No. 35, 1940 (Unie).]

NADEMAAL dit wenslik is om die Landsnoodtoestandregulasies, uiteengesit in die Aanhangsel van Proklamasie No. 201 van 1939, aan te vul deur bepalings in te voeg omtrent die beheer oor vuurtorings, ens., en ligte en geluide en omtrent die beheer van voertuie:

SO IS DIT dat ek hierby proklameer, verklaar en bekendmaak dat die regulasies uiteengesit in die Aanhangsel van hierdie Proklamasie, toegevoeg word aan gemelde Landsnoodtoestandregulasies.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Kaapstad op hede die veertiende dag van Februarie Een duisend Negehonderd-en-veertig.

PATRICK DUNCAN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie
die Goewerneur-generaal-in-rade.

J. C. SMUTS.

ANNEXURE.

The following new regulation is added after Regulation 6:

ENTRY ON ANY LAND AND COMPENSATION FOR SUCH ENTRY.

6*bis*.

1. Any member of the Union Defence Forces acting in the course of his duty as such, and any persons thereto authorized by the Minister of Defence, may for any purpose connected with the Defence of the Union, the prosecution of the war, the securing of the public safety or the maintenance of essential supplies and services, do any work on any land, or place anything in, on or over any land.

2. If it appears to the Minister of Defence to be necessary or expedient to do so in the interests of the public safety, the defence of the Union, the efficient prosecution of the war or the maintenance of essential supplies and services, he may by order provide for prohibiting or restricting the doing on any particular land of any work specified in the order, or for the prohibiting or restricting the exercise of any rights relating to any particular land by any person.

3. Any person who, without permission granted by or on behalf of the Minister of Defence, removes, alters or tampers with any work done, or thing placed in, on or over any land in pursuance of this regulation shall be guilty of an offence.

4. For the purpose of this regulation, the doing of work shall, in relation to any land, be deemed to include the demolition, pulling down, destruction or rendering useless of anything placed in, on or over the land, the maintenance of any work or thing in, on or over the land, and the removal from the land of anything so placed, demolished or pulled down in pursuance of this regulation.

5. Subject to the provision of paragraph 6 hereof the owner of any land on which such work has been done as aforesaid shall be entitled to compensation for damage caused to such land.

6. Where any building was erected subsequent to the erection of a permanent defence work or fortification—

(a) if such building is demolished either totally or partially because it interferes with the efficient working of the said work or fortification, the compensation payable shall be restricted to the cost of materials used and labour employed in the erection of the building or the portion thereof demolished;

(b) no compensation shall be payable for any damage to such building caused by the firing of any piece of artillery from such work or fortification during any artillery practice.

No. 35, 1940 (Union).]

WHEREAS it is expedient to amplify the National Emergency Regulations set forth in the Annexure to Proclamation No. 201 of 1939, by providing for the control of lighthouses, etc., and lights and sounds, and for the control of transport:

NOW, THEREFORE, I do hereby proclaim, declare and make known that the regulations set forth in the Annexure to this Proclamation are added to the said National Emergency Regulations.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Cape Town this fourteenth day of February, One thousand Nine hundred and Forty.

PATRICK DUNCAN,
Governor-General.

By Command of His Excellency
the Governor-General-in-Council.

J. C. SMUTS.

AANHANGSEL.

Onderstaande nuwe regulasies word na Regulasie 34 ingevoeg:

35. *Beheer van Vuurtorings, ens.*

(1) Behalwe met vergunning van of namens die Minister van Verdediging—

- (a) mag geen lig, boei, baken, marineteken of ander hulpmiddel vir die verkeer in of op die water of in die lug, gestaak, verander of verwyder word nie; en
- (b) mag geen verandering in die manier waarop so 'n lig, boei, baken, marineteken of ander hulpmiddel vertoon of bedien word, aangebring word nie.

(2) Die Minister van Verdediging of 'n persoon wat daartoe deur hom gemagtig is, kan, as hy dit in die belang van die openbare veiligheid of van die verdediging van die Unie nodig ag, instruksies uitvaardig om die vertoning of bediening van so 'n lig, boei, baken, marineteken of ander hulpmiddel te verbied of te beperk of om verwydering, verandering of verberging daarvan te bewerkstellig of om 'n verandering in die manier waarop hulle vertoon of bedien word, te weeg te bring.

(3) As hierdie bepaling of 'n instruksie wat ingevolge hierdie bepaling gegee is, oortree word of nie nagekom word in verband met so 'n lig, boei, baken, marineteken of ander hulpmiddel nie, is die persoon wat verantwoordelik is vir die instandhouding van die lig, boei, baken, marineteken of ander hulpmiddel, al na die geval, aan 'n oortreding van hierdie regulasies skuldig; en in geval van versuim om 'n instruksie tot verwydering, verandering of verberging van 'n lig, boei, baken, marineteken of ander hulpmiddel te gehoorsaam, kan die Minister van Verdediging sonder uit-skakeling van die geregtelike stappe wat ten opsigte van die oortreding ingestel kan word, alles laat doen wat nodig is om uitvoering van die instruksie te bewerkstellig.

36. *Beheer van ligte en geluide.*

(1) Die Minister van Verdediging of 'n persoon wat daartoe deur hom gemagtig is, kan by wyse van 'n bevel—

- (a) die vertoning van alle soorte ligte wat in die bevel omskryf word, verbied of reël;
- (b) bepaal dat, onder die omstandighede wat in die bevel aangedui word, die aanduiding van die ligging van die geboue en plekke en waarskuwing van die aanwezigheid van die vaar- en voertuie wat in die bevel omskryf word, deur middel van ligte wat in die bevel omskryf word, gegee word en dat die manier waarop die toestel vir die vertoning van die ligte vervaardig, geïnstalleer en gebruik moet word, voorgeskryf word;
- (c) die gebruik van paaie deur 'n bepaalde klas voertuig verbied of reël vir sover die outoriteit of persoon wat die bevel uitvaardig, dit nodig ag om die gevaar uit hoofde van nakoming van die bepalings van 'n bevel ingevolge hierdie artikel betreffende die verligting van paaie of van voertuie op paaie te voorkom; of
- (d) die werksaamhede wat in die bevel omskryf word, verbied of reël, naamlik dié wat uit hoofde daarvan dat hulle vlamme, vonke, skynseis of geraas veroorsaak, na oordeel van die outoriteit of persoon wat die bevel uitvaardig, kan dien om nuttige inligting aan die vyand te verskaf of om andersins die maatreëls wat vir die verdediging van die Unie getref is, te belemmer.

(2) So 'n bevel kan of dwarsdeur die Unie van toepassing gemaak word of net op 'n sekere gedeelte of die geboue daarvan; daarby kan verskillende bepalings in verband met verskillende geboue, voer- of vaartuie gemaak word; sekere geboue, voer- of vaartuie kan of geheel en al of voorwaardelik van sekere van die bepalings van die bevel vrygestel word; terwyl alle verdere bepalings wat die outoriteit of persoon wat die bevel uitvaardig, vir die uitvoering daarvan nodig en wenslik ag, ook in die bevel opgeneem kan word.

(3) As 'n bevel ingevolge hierdie artikel ten opsigte van sekere geboue, voer- of vaartuie oortree word of nie uitgevoer word nie, kan 'n lid van die polisiemag of van die Unieverdedigingsmag of van die Korps ter Beveiliging van Noodsaaklike Dienste die gebou of die voer- of vaartuig betree en alles in die saak doen wat redelikerwys nodig is vir die uitvoering van die bevel. Sonder uit-skakeling van die geregtelike stappe wat teen 'n ander persoon ingestel kan word, is die bewoner van die gebou, die drywer van die voertuig of die gesagvoerder van die vaartuig, al na die geval, dan aan 'n oortreding van hierdie regulasies skuldig;

ANNEXURE.

The following new regulations are inserted after regulation 34:

35. *Control of lighthouses, etc.*

(1) Except under permission granted by or on behalf of the Minister of Defence—

- (a) no light, buoy, beacon, marine mark or other apparatus used for the purpose of aiding navigation in or on the water or in the air shall be discontinued, altered or removed; and
- (b) no variation shall be made in the mode of exhibiting or operating any such light, buoy, beacon, marine mark or other apparatus.

(2) The Minister of Defence or any person thereto authorized by him, may, if it appears to him to be necessary in the interests of the public safety or the defence of the Union so to do, give directions for prohibiting or restricting the exhibition or operation of, or requiring the removal, alteration or concealment of, or the making of any variation in the mode of exhibiting or operating, any such light, buoy, beacon, marine mark or other apparatus.

(3) If this regulation, or any direction given under this regulation, is contravened or not complied with in the case of any light, buoy, beacon, marine mark or other apparatus, the person responsible for the maintenance of the light, buoy, beacon, marine mark or apparatus, as the case may be, shall be guilty of an offence against these Regulations; and, in the case of a failure to comply with any direction requiring the removal, alteration or concealment of any light, buoy, beacon, marine mark or other apparatus, the Minister of Defence may, without prejudice to any proceedings which may be taken in respect of the offence, cause to be done all work necessary for securing compliance with the direction.

36. *Control of lights and sounds.*

(1) The Minister of Defence or any person thereto authorized by him may by order provide—

- (a) for prohibiting or regulating the display of lights of any description specified in the order;
- (b) for securing that, in such circumstances as are specified in the order, indication of the position of such premises and places, and warning of the presence of such vehicles or vessels, as are specified in the order, shall be given by means of lights prescribed by the order, and for prescribing the manner in which any apparatus used for the purpose of exhibiting the lights is to be constructed, installed and used;
- (c) for prohibiting or regulating the use of roads by any particular class of traffic, so far as appears to the authority or person making the order to be necessary for avoiding danger consequent on compliance with any provisions of an order under this regulation which relate to the lighting of roads or of vehicles on roads; or
- (d) for prohibiting or regulating any activities specified in the order, being activities which by reason of their involving the emission of flames, sparks or glare or the making of noise, might, in the opinion of the authority or person making the order, serve to convey information useful to the enemy or otherwise interfere with measures taken for the defence of the Union.

(2) Any such order may be made so as to apply either throughout the Union or to any area or premises therein, may make different provision with respect to different classes of premises, vehicles or vessels, may provide for exempting any premises, vehicles or vessels (either absolutely or conditionally) from the operation of any of the provisions of the order, and may contain such incidental and supplementary provisions as appear to the authority or person making the order, to be necessary or expedient for the purposes of the order.

(3) If any order made under this regulation is contravened or not complied with in the case of any premises, vehicle or vessels, any member of the Police Force or any member of the Union Defence Forces, or any member of the Essential Services Protection Corps may enter the premises or board the vehicle or vessel and take in relation thereto all steps reasonably necessary for the enforcement of the order, and (without prejudice to any proceedings which may be taken against any other person) the occupier of the premises, the person in charge of the vehicle, or the master of the vessel, as the case may be, shall be guilty of an offence against these Regulations:

Met dien verstande dat in geval van 'n regsgeleding in-gevolge hierdie sub-artikel teen 'n persoon weens oortreding van of nienakoming van so 'n bevel deur 'n ander persoon, dit as 'n verdediging vir die verweerder beskou sal word as hy kan bewys dat die oortreding sonder sy kennis plaasgevind het en dat hy behoorlike sorg uitgeoefen het met die oog op 'n behoorlike nakoming van die bevel.

37. *Beheer op verkeer.*

(1) Ten einde krygsverrigtings van die Unie Verdedigingsmag, van 'n deel daarvan of van ander magte van Sy Majesteit wat daarmee saamwerk, of die verplasing van persone of voorrade in verband met die krygsverrigtings te vergemaklik, kan die Minister van Verdediging of 'n daartoe deur hom gevolmagtigde persoon bevel dat die gebruik van 'n dok, hawe, pad, spoorweg, openbare plein of elke ander oop plek binne daardie gebied en vir solank in die bevel uiteengesit word, belet of beperk word.

(2) Die Minister van Verdediging of 'n daartoe deur hom gevolmagtigde persoon kan bevel hoe die verkeer op paaie gereël moet word en, sonder om die algemene aard van hierdie bevoegdheid te tref, kan sodanige bevel in die besonder—

- (a) die weë vasstel wat gevolg moet word deur bepaalde soorte voertuie op die paaie, hetsy in die algemeen of in omstandighede in die bevel voorgeskryf of daarvolgens bepaal;
- (b) die gebruik van voertuie of bepaalde soorte voertuie op die paaie belet of reël, asook die gebruik deur voertuie van bepaalde paaie of soorte paaie, hetsy in die algemeen of in omstandighede soos uiteengesit;
- (c) voertuie of bepaalde soorte voertuie geheel of gedeeltelik vrystel van 'n bepaling of bepalings van 'n wet op motorvoertuie; of
- (d) 'n snelheidsgrens vasstel ten opsigte van voertuie of soorte voertuie.

Sodanige bevel kan van toepassing wees of in die algemeen of in 'n bepaalde gebied en kan verskillende bepalings bevat vir verskillende dele van die gebied waarop dit van toepassing is.

(3) Iedereen wat nalaat of in gebreke bly om die bepalings van 'n bevel wat ingevolge hierdie regulasie uitgevaardig is, uit te voer, is skuldig aan 'n misdaad.

Provided that, in any proceedings which, in pursuance of this sub-regulation, are taken against any person in respect of a contravention of, or non-compliance with, such an order on the part of another person, it shall be a defence for the defendant to prove that the contravention occurred without his knowledge and that he exercised all due diligence to secure compliance with the order.

37. *Control of transport.*

(1) The Minister of Defence or any person thereto authorized by him may, with a view to facilitating any operations of the Union Defence Forces or any portion thereof or other of His Majesty's Forces acting in co-operation therewith, or the movement of persons or supplies in connection with such operations, by order give directions for prohibiting or restricting, within the area, and for the period specified in the directions, the use of any dock or harbour or any road or railway, or any public square or any other open space.

(2) The Minister of Defence or any person thereto authorized by him may by order provide for the regulation of traffic on roads and, without prejudice to the generality of the power, any such order may in particular provide—

- (a) for determining the routes to be followed by any particular class of vehicles proceeding on roads, either generally or in such circumstances as determined by or in accordance with the order;
- (b) for prohibiting or regulating the use of vehicles or any class of vehicles on roads, or the use by vehicles of specified roads or classes of roads either generally or in such circumstances as are so specified;
- (c) for the exemption of any vehicles or particular classes of vehicles from the whole or any part of any provision of any law relating to motor vehicles; or
- (d) for the fixing of a speed limit in respect of vehicles or classes of vehicles;

and any such order may be made so as to apply either generally or to any specified area and may make different provisions for different parts of the area to which the order applies.

(3) Any person who fails or neglects to comply with the provisions of any order made under this regulation shall be guilty of an offence.

No. 38, 1940 (Unie).]

VREDESBEAMPTES: OOSTELIKE CAPRIVI ZIPFEL.

KRAGTENS die bevoegdheid my verleen by artikel twee van die Vredesverdrag en die Suidwes-Afrika-Mandaatwet, 1919 (Wet No. 49 van 1919), proklameer, verklaar en maak ek bekend as volg:—

1. Die magistraat wat vir die magistratsdistrik Oostelike Caprivi Zipfel aangestel is mag skriftelik enige persoon as vredesbeampte in genoemde streek aanstel, en mag ter enige tyd sodanige aanstelling kanselleer, en enige persoon aldus aangestel sal tydens sy ampstyd beskou word as 'n vredesbeampte vir die doeleindes van die Proklamasie op Kriminele Prosedure en Getuienis, 1935 (Proklamasie No. 30 van 1935), uitgevaardig deur die Administrateur van die mandaatgebied van Suidwes-Afrika, en gedateer die sewe-entwintigste dag van November 1935, soos van toepassing op genoemde distrik.

2. Hierdie proklamasie sal bekend staan as die Vredesbeamptes- (Oostelike Caprivi Zipfel)-Proklamasie, 1940.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Kaapstad op hede die Negende dag van Februarie Eenduisend Negehoonderd en Veertig.

PATRICK DUNCAN,
Goewerneur-Generaal.

Op las van sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

D. REITZ.

No. 38, 1940 (Union).]

PEACE OFFICERS: EASTERN CAPRIVI ZIPFEL.

UNDER and by virtue of the powers vested in me by section two of the Treaty of Peace and South-West Africa Mandate Act, 1919 (Act No. 49 of 1919), I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

1. The magistrate appointed for the magisterial district of Eastern Caprivi Zipfel may by writing under his hand appoint any person to be a peace officer for the said district, and at any time cancel any such appointment; and any person so appointed shall during his tenure of office be deemed to be a peace officer for the purposes of the Criminal Procedure and Evidence Proclamation, 1935 (Proclamation No. 30 of 1935), issued by the Administrator of the mandated territory of South West Africa, and dated the twenty-seventh day of November, 1935, as applied to the said district.

2. This proclamation shall be called the Peace Officers (Eastern Caprivi Zipfel) Proclamation, 1940.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Cape Town this Ninth day of February One Thousand Nine Hundred and Forty.

PATRICK DUNCAN,
Governor-General.

By Command of His Excellency
the Governor-General-in-Council.

D. REITZ.

PROKLAMASIE

VAN SY EDELE DAVID GIDEON CONRADIE,
ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 5 van 1940.]

NADEMAAL dit wenslik is om die wet te wysig met betrekking tot die voorwaardes waaronder banke toegelaat sal word om bankbesigheid te drywe:

SO IS DIT dat ek, op grond van en kragtens die bevoegdhede my verleen, hiermee proklameer, verklaar en as volg bekendmaak:—

1. In hierdie Proklamasie beteken die uitdrukking “die Hoofwet” die Bankeproklamasie 1930 (Proklamasie No. 29 van 1930).

2. Artikel *een* van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die woorde “of wat geldlenings of geldkrediete gee” te skrap wat in die woordbepaling van “bank” of “bankier” voorkom.

3. Subartikel (5) van artikel *twee* van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die volgende paragraaf aan die end daarvan toe te voeg:—

“Of

(c) dat die betrokke maatskappy voornemens is om in die Gebied slegs die besigheid te drywe om geldlenings of geldkrediete te gee. In so 'n geval moet die registrasiesertifikaat dienooreenkomstig geëndosseer word, en so 'n maatskappy word geag nie geregistreer te wees nie vir die doel om deposito's van geld te ontvang of aan te neem onderhewig aan terugtrekking deur middel van 'n tjek, wissel of order.”

4. Hierdie Proklamasie heet die Wysigingsproklamasie op Banke 1940.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek op hede die 19de dag van Februarie 1940.

D. G. CONRADIE,
Administrateur.

PROCLAMATION

BY HIS HONOUR DAVID GIDEON CONRADIE,
ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 5 of 1940.]

WHEREAS it is desirable to amend the law relating to the conditions under which banks shall be permitted to carry on the business of banking;

NOW THEREFORE under and by virtue of the powers in me vested, I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

1. In this Proclamation, the expression “the principal law” means the Banks Proclamation, 1930 (Proclamation No. 29 of 1930).

2. Section *one* of the principal law is hereby amended by the deletion of the words “and granting loans or credits of money” occurring in the definition of “bank” or “banker”.

3. Sub-section (5) of section *two* of the principal law is hereby amended by the addition of the following paragraph at the end thereof:—

“Or

(c) that the company concerned proposes merely to carry on in the Territory the business of granting loans or credits of money. In such event the certificate of registration shall be endorsed accordingly, and such company shall be deemed not to be registered for the purpose of receiving or accepting deposits of money subject to withdrawal by cheque, draft or order.”

4. This Proclamation shall be called the Banks Amendment Proclamation 1940.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Windhoek this 19th day of February, 1940.

D. G. CONRADIE,
Administrator.

Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

D. D. FORSYTH,
Sekretaris vir Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 264 (Unie).]

[14 Februarie 1940.

ASIAAT VERBOD OM DIE UNIE OF MANDAATGE-
BIED TE VERLAAT.

Ingevolge die bevoegdhede aan my verleen by artikel 14 van die Bylae tot Proklamasie No. 201 van 1939 onder datum veertien September 1939 soos gewysig, verbied ek hierby iedere Asiaat om die Unie of die Mandaatgebied Suidwes-Afrika te verlaat, tensy hy of sy by permit van die Sekretaris van Verdediging daartoe gemagtig is.

J. C. SMUTS,
Minister van Verdediging.

OPMERKING.—Aansoek om 'n permit moet aan die Permit-beampte (Landverlating), Impala House, Schoemanstraat, Pretoria, gerig word.

Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

D. D. FORSYTH,
Secretary for South West Africa,

Office of the Administrator,
Windhoek.

No. 264 (Union).]

[14th February, 1940.

ASIATICS PROHIBITED FROM LEAVING THE UNION
OR MANDATED TERRITORY.

Under and by virtue of the powers vested in me by Regulation 14 of the Annexures to Proclamation No. 201 of 1939, dated the fourteenth September, 1939, as amended, I do hereby prohibit any Asiatic from leaving the Union or the Mandated Territory of South-West-Africa, unless he or she has been authorized to do so by a permit issued by the Secretary for Defence.

J. C. SMUTS,
Minister of Defence.

NOTE.—Application for a permit should be addressed to the Overseas Permit Officer, Impala House, Schoeman Street, Pretoria.

No. 28.] [1 Maart 1940.

KOMMISSARIS VAN EDE, DISTRIK WARMBAD:
AANSTELLING AS.

Ooreenkomstig subartikel (1) van artikel twee van die Kommissaris van Ede Proklamasie 1928 (Proklamasie No. 24 van 1928) word hiermee bekend gemaak dat die Administrateur

COENRAAD PETRUS FAULL

van Erf No. 11, Vioolsdrift, distrik Warmbad, aangestel het as 'n Kommissaris van Ede vir die distrik Warmbad met ingang vanaf 15 Februarie 1940.

No. 28.] [1st March, 1940.

COMMISSIONER OF OATHS, DISTRICT WARMBAD:
APPOINTMENT AS.

In terms of sub-section (1) of section two of the Commissioners of Oaths Proclamation, 1928 (Proclamation No. 24 of 1928), it is hereby notified that the Administrator has appointed

COENRAAD PETRUS FAULL

of Erf No. 11, Vioolsdrift, district Warmbad, as a Commissioner of Oaths for the district of Warmbad with effect from the 15th February, 1940.

No. 29.] [1 Maart 1940.

SKUT TE WINDHOEK:
BENOEMING VAN SKUTMEESTER.

Dit het die Administrateur behaag om, ooreenkomstig artikel vier van Ordonnansie No. 16 van 1939, die benoeming van HENDRIK HARTMAN MINNE as Skutmeester van die skut te Windhoek, goed te keur met ingang vanaf 8 Desember 1939, in die plek van WILHELM FINKE, wat bedank het.

No. 29.] [1st March, 1940.

POUND AT WINDHOEK: APPOINTMENT OF POUND-
MASTER.

The Administrator has been pleased, in terms of section four of Ordinance No. 16 of 1939, to authorise the appointment of HENDRIK HARTMAN MINNE as Poundmaster of the Pound at Windhoek, with effect from the 8th December, 1939, vice WILHELM FINKE, resigned.

No. 30.] [1 Maart 1940.

WYSIGING VAN DIE REGULASIES TEN AANSIEN VAN
DIE INVOER VAN VEE EN PRODUKTE UIT BETSJOE-
ANALAND PROTEKTORAAT.

Dit het die Administrateur behaag om, op grond van en kragtens die bevoegdhede hom verleen deur artikel drie-en-twintig van die "Veeziekten Proklamasie 1920" (Proklamasie No. 28 van 1920), die onderstaande regulasie te maak, wat 'n wysiging is van, en om saamgelees te word met, die Regulasies wat ingevolge Goewermentskennisgewing No. 7 van 3 Januarie 1939 gepubliseer is:—

REGULASIE.

Paragraph B wat onder die hoof "Dierprodukte" in die Regulasies verskyn ten aansien van die invoer van vee en produkte uit Betsjoeanaland Protektoraat, ingevolge Goewermentskennisgewing No. 7 van 3 Januarie 1939 gepubliseer, word hiermee geskrap en deur die volgende paragraaf vervang.

B. SUIWELPRODUKTE.

- (a) Botter sal toegelaat word, mits besendings vergesel is van 'n veeartssertifikaat dat die melk of room wat gebruik is vir die vervaardiging van botter op doeltreffende wyse gepasteuriseer is.
- (b) Room sal toegelaat word, mits dit geproduseer word in die gebied in Bylae I hiervan beskrywe en mits verder dat
 - (1) die room in behoorlike kanne is wat veilig toegemaak is; en
 - (2) die room per motortransport oor Sandfontein Polisiestasie vervoer word en direk na die Romery te Gobabis gestuur word.

BYLAE I.

Daardie gedeelte van Betsjoeanaland Protektoraat wat binne die gebied val wat binne die 20° en 22°30' lengtegraad en 21° en 22°30' breedtegraad geleë is.

No. 30.] [1st March, 1940.

AMENDMENT OF REGULATIONS GOVERNING THE
INTRODUCTION OF STOCK AND PRODUCE FROM
THE BECHUANALAND PROTECTORATE.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by section twenty-three of the Diseases of Stock Proclamation 1920, (Proclamation No. 28 of 1920) to make the following regulation, being an amendment of and to be read as one with the Regulations published under Government Notice No. 7 of the 3rd day of January, 1939:—

REGULATION.

Paragraph B appearing under the heading "Animal Products" in the Regulations governing the introduction of stock and Produce from the Bechuanaland Protectorate, published under Government Notice No. 7 of the 3rd day of January, 1939, is hereby deleted and the following paragraph substituted therefor:—

B. DAIRY PRODUCTS.

- (a) Butter will be admitted, provided consignments are accompanied by a Veterinary certificate that the milk or cream used for the manufacture of the butter has been efficiently pasteurized.
- (b) Cream will be admitted, provided it is produced in the area described in Schedule I hereto and provided, further, that
 - (1) the cream is contained in proper cans securely closed; and
 - (2) the cream is conveyed by motor transport via Sandfontein Police Station and is consigned direct to the Creamery at Gobabis.

SCHEDULE I.

That portion of the Bechuanaland Protectorate falling within the area situate between twenty degrees longitude and twenty-two degrees thirty minutes longitude and twenty-one degrees latitude and twenty-two degrees thirty minutes latitude.

No. 31.] [1 Maart 1940.

HEFFING OP BOTTER EN KAAS.

Dit word hierby vir algemene informasie bekend gemaak dat ingevolge en kragtens die bevoegdhede hom verleen by paragrafe (c) en (d) van sub-artikel (1) van artikel agt van die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid 1931, (Ordonnansie No. 16 van 1931), soos gewysig by die Wysigings-Proklamasie op die Beheer van die Suiwelnywerheid, 1932 (Proklamasie No. 3 van 1932),

No. 31.] [1st March, 1940.

LEVIES ON BUTTER AND CHEESE.

It is hereby notified for general information that under and by virtue of the powers vested in it by paragraph (c) and (d) of sub-section (1) of section eight of the Dairy Industry Control Ordinance 1931 (Ordinance No. 16 of 1931) as amended by the Dairy Industry Control Amendment Pro-

en die Wysigingsordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid 1932 (Ordonnansie No. 4 van 1932), die Raad van Toesig oor die Suiwelnywerheid onderstaande heffings op botter en kaas gelê het met ingang vanaf die 1ste Februarie, 1940, n.l.:—

Hierby word op alle fabrieksbotter, fabriekskaas en plaaskaas 'n heffing van een-tiende van een pennie per pond gelê.

Goewermentskennisgewing No. 132 van die 25ste Junie 1932 word dienooreenkomstig gewysig.

No. 32.] [1 Maart 1940.
PERIODIEKEHOF: KALKFELD, DISTRIK OTJIWARONGO.

Die sitting van die Periodiekehof te Kalkfeld in die distrik Otjiwarongo op die vierde Donderdag in plaas van die laaste Vrydag in elke maand soos tevore word hierby goedgekeur vanaf 1 Maart 1940.

No. 33.] [1 Maart 1940.
PERIODIEKEHOF: OSIRE SUED,
DISTRIK OTJIWARONGO.

Die sitting van die Periodiekehof te Osire Sued in die distrik Otjiwarongo op die derde Donderdag in plaas van die derde Vrydag in elke maand soos tevore word hierby goedgekeur vanaf 1 Maart 1940.

No. 34.] [1 Maart 1940.
NATURALISASIE.

Aangesien die Administrateur tevrede is dat die persone genoem in Deel I van die Bylae hiervan per abuis uitgesluit is van die lys gepubliseer onder Goewermentskennisgewing No. 114 van 31 Augustus 1925 van onderdane van die voormalige vyandige moonthede wat as Britse onderdane genaturaliseer is kragtens die bepalinge van subartikel (1) van artikel twee van die "Zuidwest-Afrika Naturalisatie van Vreemdelingen Wet, 1924" (Wet No. 30 van 1924), het dit hom behaag om, kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by subartikel (3) van artikel twee van genoemde Wet, bedoelde lys te wysig, wat hierby ooreenkomstig gewysig word, deur die persone genoem in Deel I van die Bylae hiervan in te sluit.

Die korrekte name van die volgende inskrywings in voornoemde lys is soos hulle hieronder verskyn en nie soos hulle in Goewermentskennisgewing No. 114 van 31 Augustus 1925 voorkom nie, en die genoemde lys word hierby ooreenkomstig gewysig:—

- No. 140. BENEDICKT, Oskar.
„ 177. BILAWER, Heinrich Wilhelm.
„ 812. GRÖSSEL, Martin Oskar Paul.
„ 958. HAVENITH, Gerhard Donatus.
„ 1700. LÜNSMANN, Emil Robert.
„ 1925. NEUMANN, Emil Robert.
„ 2167. RELLING, Hugo Hermann.
„ 2777. TERESINSKI, Peter.

BYLAE.

Deel 1.

RASCHER, Louis Henry Georg, (28.11.1878). Swakopmund.
RENNER, Wilhelm, (18.10.1889), Rustenburg.

No. 35.] [1 Maart 1940.
NATURALISASIE.

Die korrekte name van die inskrywings, op die lys, gepubliseer kragtens Goewermentskennisgewing No. 13 van 16 Januarie 1931 van persone wat as Britse onderdane genaturaliseer is ooreenkomstig die bepalinge van Artikel een van "De Zuidwest-Afrika Naturalisatie van Vreemdelingen Wet 1928" (Wet No. 27 van 1928), is soos hieronder gepubliseer en nie soos dit in die vermeldde Goewermentskennisgewing verskyn nie:—

clamation, 1932 (Proclamation No. 3 of 1932) and the Dairy Industry Control Ordinance Amendment Ordinance, 1932 (Ordinance No. 4 of 1932), the Dairy Industry Control Board has imposed the undermentioned levies on butter and cheese with effect from the 1st February, 1940, viz:—

There is hereby imposed on all creamery butter, factory cheese and farm cheese, a levy of one-tenth of one penny per pound.

Government Notice No. 132 of 25th June 1932 is modified accordingly.

No. 32.] [1st March, 1940.
PERIODICAL COURT: KALKFELD, DISTRICT
OTJIWARONGO.

The holding of the Periodical Court at Kalkfeld in the district of Otjiwarongo on the fourth Thursday instead of the last Friday in each month as heretofore is approved, with effect from the 1st March, 1940.

No. 33.] [1st March, 1940.
PERIODICAL COURT: OSIRE SUED,
DISTRICT OTJIWARONGO.

The holding of the Periodical Court at Osire Sued on the third Thursday instead of on the third Friday in each month as heretofore is approved, with effect from the 1st March, 1940.

No. 34.] [1st March, 1940.
NATURALIZATION.

The Administrator, being satisfied that the persons described in Part I of the Schedule hereto have been, owing to error, excluded from the list published under Government Notice No. 114 of the 31st August, 1925, of subjects of the late Enemy Powers who have become naturalized as British subjects in terms of the provisions of sub-section (1) of section two of the South West Africa Naturalization of Aliens Act, 1924 (Act No. 30 of 1924), has been pleased, under and by virtue of the powers vested in him by sub-section (3) of section two of the said Act, to amend the said list, which is hereby amended by the inclusion therein of the persons described in Part I of the Schedule hereto.

The correct names of the following entries in the aforesaid list are as published hereunder and not as published under Government Notice No. 114 of the 31st August, 1925, and the said list is hereby amended accordingly:—

- No. 140. BENEDICKT, Oskar.
„ 177. BILAWER, Heinrich Wilhelm.
„ 812. GRÖSSEL, Martin Oskar Paul.
„ 958. HAVENITH, Gerhard Donatus.
„ 1700. LÜNSMANN, Emil Robert.
„ 1925. NEUMANN, Emil Robert.
„ 2167. RELLING, Hugo Hermann.
„ 2777. TERESINSKI, Peter.

SCHEDULE.

Part 1.

RASCHER, Louis Henry Georg, (28.11.1878). Swakopmund.
RENNER, Wilhelm, (18.10.1889), Rustenburg.

No. 35.] [1st March, 1940.
NATURALIZATION.

The correct names of the following entries in the list, published under Government Notice No. 13 of the 16th January, 1931, of persons who became naturalized as British subjects in terms of the provisions of section one of the South West Africa Naturalization of Aliens Act, 1928 (Act No. 27 of 1928), are as published hereunder and not as published in the said Government Notice:—

No. 96. BEHNE, Erwin Friedrich Karl.
 „ 365. DENNLER, Wilfrid Georg.
 „ 609. GRABOW, Hermann Karl Friedrich.
 „ 1533. PETERSEN, Emil Christian.
 „ 1574. POSNANSKI, Herbert Berthold.
 „ 2125. VAN ALPHEN, Frederik Adrianus Jacobus Pascal.

No. 96. BEHNE, Erwin Friedrich Karl.
 „ 365. DENNLER, Wilfrid Georg.
 „ 609. GRABOW, Hermann Karl Friedrich.
 „ 1533. PETERSEN, Emil Christian.
 „ 1574. POSNANSKI, Herbert Berthold.
 „ 2125. VAN ALPHEN, Frederik Adrianus Jacobus Pascal.

No. 36.] [1 Maart 1940.

No. 36.] [1st March, 1940.

VIERDE WETGEWENDE VERGADERING: NAME VAN VERKOSE LEDE.

FOURTH LEGISLATIVE ASSEMBLY: NAMES OF ELECTED MEMBERS.

Die name van die persone, wat verklaar is behoorlik as lede van die Vierde Wetgewende Vergadering verkose te wees tesame met die name van die kiesafdelings, wat hulle afsonderlik verteenwoordig, word ooreenkomstig die voor-sienings van paragraaf *sewen-en-veertig* van die Bylae tot "De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet, 1925" (Wet No. 42 van 1925) in die hieraangehegte Bylae gepubliseer.

In accordance with the provisions of paragraph *fifty-seven* of the Schedule to the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act No. 42 of 1925), the names of the persons who have been declared duly elected as members of the Fourth Legislative Assembly, together with the names of the electoral division which they severally represent, are published in the Schedule attached hereto.

BYLAE.

SCHEDULE.

Naam van Kiesafdeling.	Naam van verkose persoon.
1. Gibeon	Johannes Christoffel Jooste
2. Gobabis	Gideon Joubert van der Merwe
3. Grootfontein	Francois Castelyn Fouché
4. Keetmanshoop	Jasper Johannes van der Westhuizen
5. Luderitz	Johannes Jacobus Meyer van Zyl
6. Okahandja	Frank Harold Waldron
7. Otjiwarongo	Izak Adolph Cronje
8. Stampriet	Hendrik Petrus van der Westhuizen
9. Swakopmund	Johannes Jacobus Marthinus van Zyl
10. Warmbad	Christiaan Hieronymus Borman Oberholzer
11. Windhoek Distrik	Louis Cornelius Francois Taljaard
12. Windhoek Sentraal	Norman Cameron Fraser

Name of Electoral Division.	Name of person elected.
1. Gibeon	Johannes Christoffel Jooste
2. Gobabis	Gideon Joubert van der Merwe
3. Grootfontein	Francois Castelyn Fouché
4. Keetmanshoop	Jasper Johannes van der Westhuizen
5. Luderitz	Johannes Jacobus Meyer van Zyl
6. Okahandja	Frank Harold Waldron
7. Otjiwarongo	Izak Adolph Cronje
8. Stampriet	Hendrik Petrus van der Westhuizen
9. Swakopmund	Johannes Jacobus Marthinus van Zyl
10. Warmbad	Christiaan Hieronymus Borman Oberholzer
11. Windhoek District	Louis Cornelius Francois Taljaard
12. Windhoek Central	Norman Cameron Fraser

Algemene Kennisgewings.

General Notices.

(No. 12 van 1940.)

(No. 12 of 1940.)

Die volgende word vir algemene inligting gepubliseer:—

The following is published for general information:—

LYS VAN PLASE ONDER KWARANTYN OP
 10 FEBRUARIE 1940.
 MILTSIEKTE.

LIST OF FARMS UNDER QUARANTINE AS AT
 10TH FEBRUARY, 1940.
 ANTHRAX.

OUTJO: Prosit.

OUTJO: Prosit.

SPONSSIEKTE:

BLACKQUARTER:

GOBABIS: Hennep.

GOBABIS: Hennep.

OTJIWARONGO: Boskop 324, Arcadia, Otjikando Ost 40, Okaue Suid.

OTJIWARONGO: Boskop 324, Arcadia, Otjikando Ost 40, Okaue South.

KARIBIB: Naribis, Sophienhof 133, Wembley 203.

KARIBIB: Naribis, Sophienhof 133, Wembley 203.

BESMETLIKE MISGEBOORTE.

CONTAGIOUS ABORTION.

GOBABIS: Yellowbank.

GOBABIS: Yellowbank.

SLAPSIEKTE.

DOURINE.

GROOTFONTEIN: Hohentwiel 506.

GROOTFONTEIN: Hohentwiel 506.

J. F. GROBLER,
 vir Hoofveearts.

J. F. GROBLER,
 for Senior Veterinary Surgeon

Windhoek,
 10 Februarie 1940.

Windhoek,
 10th February, 1940.

(No. 13 van/of 1940.)

**BANKEOPGAWES VIR DIE KWARTAAL EINDIGENDE 31 DESEMBER 1939 OOREENKOMSTIG ARTIKEL AGT
VAN PROKLAMASIE NO. 29 VAN 1930. (DIE BANKEPROKLAMASIE 1930.)**

**BANKS' STATEMENTS FOR THE QUARTER ENDED 31ST DECEMBER, 1939, IN TERMS OF SECTION EIGHT
OF PROCLAMATION NO. 29 OF 1930. (THE BANKS' PROCLAMATION, 1930.)**

DIE STANDAARDBANK VAN SUID-AFRIKA, BEPERK,
waarby die "African Banking Corporation, Limited" ingelyf is.

Opgawe van Laste en Bate van die Standardbank van Suid-Afrika Beperk, op die 31ste dag van Desember 1939, ooreen-
komstig die Bankeproklamasie 1930.

THE STANDARD BANK OF SOUTH AFRICA, LIMITED.
(With which is incorporated the African Banking Corporation, Limited.)

Statement of Liabilities and Assets of the Standard Bank of South Africa, Limited, on the 31st day of December, 1939,
prepared in accordance with the "Banks' Proclamation, 1930".

LASTE.

LIABILITIES.

	Binne S.W.Afrika. In S.W.Afrika. (Unie Munt.) (Union Currency.)	Buite S.W.Afrika. Outside S.W.Afrika. (Unie Munt.) (Union Currency.)	Totaal. Total. (Unie Munt.) (Union Currency.)
Aan/To:—			
Getekende Kapitaal Subscribed Capital	Britse Sterlg. (British Sterling £10,000,000)		
Opbetaalde Kapitaal Paid-up Capital		2,500,000 0 0	2,500,000 0 0
Reserwefonds Reserve Fund		3,000,000 0 0	3,000,000 0 0
Note in Omloop Notes in Circulation	200,424 10 0	807,430 15 0	1,007,855 5 0
Regeringsdepositos:— Government Deposits:—			
Administrasie van Suidwes-Afrika (a) Administration of S.W.A.	13,294 10 6		13,294 10 6
Ander Goewermente (b) Other Governments	25,701 18 5	783,009 10 2	808,711 8 7
Spaarbank-depositos Savings Bank Deposits	54,347 14 0	2,147,270 5 8	2,201,617 19 8
Ander depositos:— Other Deposits:—			
Betaalbaar na kennisgewing of op 'n bepaalde dag (a) Payable after notice or on a fixed day	64,096 15 10	12,354,643 1 4	12,418,739 17 2
Betaalbaar op aanvraag (b) Payable on demand	588,484 19 4	48,069,911 3 5	48,658,396 2 9
Balanse verskuldig aan ander banke Balances due to other Banks		529,437 16 7	529,437 16 7
Balanse verskuldig aan hoofkantoor en takke Balances due to Head Office and Branches			
Wisselbriewe betaalbaar Bills Payable	164 12 6	897,810 11 4	897,975 3 10
Verpligtings ander as die voorafgaande Liabilities other than the foregoing	36,357 19 6	7,780,642 10 1	7,817,000 9 7
	£982,873 0 1	78,870,155 13 7	79,853,028 13 8

BATE.

ASSETS.

	Binne S.W.Afrika. In S.W.Afrika. (Unie Munt.) (Union Currency.)	Buite S.W.Afrika. Outside S.W.Afrika. (Unie Munt.) (Union Currency.)	Totaal. Total. (Unie Munt.) (Union Currency.)
Per / By:—			
Muntstukke in hande en onderweg Coin in hand and in transit	13,322 2 11	880,418 4 3	893,740 7 2
Staafgoud in hande en onderweg Bullion in hand and in transit		514,801 11 9	514,801 11 9
Geld op aanvraag of kort kennisgewing Money at call or short notice		2,175,000 0 0	2,175,000 0 0
Balanse verskuldig deur Suid-Afrikaanse Reserwe Bank Balances held in South African Res. Bank		8,265,145 8 2	8,265,145 8 2

Note van Suid-Afrikaanse Reserve Bank Notes of South African Reserve Bank	78,321 0 0	2,055,961 0 0	2,134,282 0 0
Note van ander banke Notes of other Banks	58,862 10 0	632,957 11 2	691,820 1 2
Balanse verskuldig deur ander banke Balances due by other Banks		3,035,034 15 10	3,035,034 15 10
Sekuriteite:— Securities:—			
Unie-Goewerment (a) Union Government			
		6,214,318 5 0	6,214,318 5 0
Britse en Koloniale Goewermente (b) British and Colonial Governments			
		11,476,231 9 8	11,476,231 9 8
Ander Sekuriteite (c) Other Securities			
		2,001,148 15 5	2,001,148 15 5
Wisselbriewe onder diskonto:— Bills under discount:—			
Lopende (a) Current			
	57,150 15 7	5,020,091 3 1	5,077,241 18 8
Agterstallige en onbetaalde (b) Overdue and unpaid			
	3,636 13 1	58,472 2 6	62,108 15 7
Lenings en voorskotte ander as wisselbriewe: Loans and advances other than Bills:—			
Verseker (a) Secured			
	303,296 15 7	23,692,683 3 7	23,995,979 19 2
Nie verseker nie (b) Unsecured			
	114,162 6 1	4,209,474 4 7	4,323,636 10 9
Balanse verskuldig deur Hoofkantoor en ander Takke Balances due by Head Office and Branches	332,220 17 1	2,582,627 17 4	2,914,848 14 6
Voorskotte aan Goewerment: Advances to Government			
Administrasie van Suidwes-Afrika (a) Administration of S.W.A.			
Ander Goewermente (b) Other Governments			
		847,036 6 8	847,036 6 8
Voorskotte aan publieke liggame Advances to Public Bodies			
		1,627,599 0 11	1,627,599 0 11
Grondbesit ander as bankperseel Landen Property other than Bank Premises			
	4,086 4 8	178,723 0 8	182,809 5 4
Bankperseel, meubels, ens. Bank Premises, Furniture, etc.			
	5,359 1 7	1,846,956 16 5	1,852,295 18 0
Bate ander as die voorafgaande Assets other than the foregoing			
	12,474 18 4	1,555,474 16 7	1,567,949 9 11
	£982,873 0 1	78,870,155 13 7	79,853,028 13 8

Gesamentlike bedrag van lenings aan en skulde van direkteurs, ouditeurs of amptenare van die bank en van enige firmas of vennootskappe, waarin hulle of enigeen van hulle enige direkte belang het £93,767 10s. 6d.
Aggregate amount of Loans to and Liabilities of Directors, Auditors or Officers of the Bank, and of any firms or partnerships in which they or any of them have any direct interest £93,767 10s. 6d.

BARCLAYS BANK (DOMINIUM, KOLONIAAL EN OORSEE)
waarmee DIE NASIONALE BANK VAN SUID-AFRIKA BPK. geamalgameer is.

Opgawe van Laste en Bate van die Hoofkantoor en Takke op die 31ste dag van Desember 1939.
Opgetrek ooreenkomstig die Bankeproklamasie, 1930.

BARCLAYS BANK (DOMINION, COLONIAL AND OVERSEAS)
with which is amalgamated
THE NATIONAL BANK OF SOUTH AFRICA, LIMITED.

Statement of Liabilities and Assets of the Head Office and Branches on the 31st day of December, 1939.
Prepared in terms of the Banks' Proclamation, 1930.

LASTE.
LIABILITIES.

	In S.W.A. In S.W.A.	Buite S.W.A. Outside S.W.A.	Totaal. Total.
Getekende Kapitaal 1. Subscribed Capital		6,975,500 0 0	6,975,500 0 0
Opbetaalde Kapitaal 2. Paid-up Capital		4,975,500 0 0	4,975,500 0 0
Reserwefonds 3. Reserve Fund		2,100,000 0 0	2,100,000 0 0
Note in omloop 4. Notes in Circulation	191,851 10 0	1,231,713 0 0	1,423,564 10 0

Regeringsdepositos			
5. Government Deposits—			
Administrasie van Suidwes-Afrika			
(a)	Administration of South West Africa	75,025 17 1	75,025 17 1
Ander Goewermente			
(b)	Other Governments		3,642,609 2 8
Spaarbank-depositos			
6. Savings Bank Deposits			
		73,981 1 8	7,956,282 10 6
Ander depositos:—			
7. Other Deposits—			
Betaalbaar na kennisgewing of op 'n bepaalde dag			
(a)	Payable after notice or on a fixed day	71,831 19 3	22,792,264 2 0
Betaalbaar op aanvraag			
(b)	Payable on demand	322,923 19 10	62,243,826 3 1
Balanse verskuldig aan ander banke			
8. Balances due to other Banks			
		5,901 15 8	3,165,324 18 10
Balanse verskuldig aan hoofkantoor en takke			
9. Balances due to Head Office and Branches			
		—	—
Wisselbriewe betaalbaar			
10. Bills payable			
		211 14 1	810,885 6 7
Verpligtings ander as die voorafgaande			
11. Liabilities other than the foregoing			
		41,256 19 2	7,189,139 16 8
		£782,984 16 9	116,107,545 0 4
			116,890,529 17 1

**BATE.
ASSETS.**

	In S.W.A. In S.W.A.	Buite S.W.A. Outside S.W.A.	Totaal. Total.
Muntstukke in hande en onderweg			
1. Coin in hand and in transit			
	6,119 13 4	1,458,275 12 8	1,464,395 6 0
Staafgoud in hande en onderweg			
2. Bullion in hand and in transit			
	36 4 3	154,007 18 8	154,044 2 11
Geld op aanvraag of kort kennisgewing			
3. Money at call or short notice			
		2,926,000 0 0	2,926,000 0 0
Balanse in Suid-Afrikaanse Reserwe Bank			
4. Balance with S.A. Reserve Bank			
		15,083,885 3 2	15,083,885 3 2
Note van Suid-Afrikaanse Reserwe Bank			
5. Notes of S.A. Reserve Bank			
	24,620 10 0	1,428,126 10 0	1,452,747 0 0
Note van ander banke			
6. Notes of other Banks			
	16,852 0 0	1,660,351 0 0	1,677,203 0 0
Balanse verskuldig deur ander Banke			
7. Balances due by other Banks			
	3,393 15 3	16,456,034 7 5	16,459,428 2 8
Sekuriteite:—			
8. Securities—			
Unie-Goewerment			
(a)	Union Government	9,413,607 2 6	9,413,607 2 6
Britse en Koloniale Goewermente			
(b)	British and Colonial Governments	24,880,395 17 11	24,880,395 17 11
Ander Sekuriteite			
(c)	Other securities	1,353,350 15 6	1,353,350 15 6
Ander Goewermente			
(d)	Other Governments	780 1 1	780 1 1
Wisselbriewe onder diskonto:			
9. Bills under discount:			
Iopende			
(a)	current	15,415 9 0	6,383,368 5 8
agterstallige en onbetaalde			
(b)	overdue and unpaid	738 10 6	207,213 7 11
Lenings en Voorskotte ander as wisselbriewe			
10. Loans and advances other than Bills:			
verseker			
(a)	secured	186,089 3 3	24,829,077 10 10
nie verseker nie			
(b)	unsecured	15,119 7 1	3,765,319 7 7
Balanse verskuldig deur hoofkantoor en takke			
11. Balances due by Head Office and Branches			
	462,739 7 0	295,363 12 2	758,102 19 2
Voorskotte aan die Regering			
12. Advances to Government:			
Administrasie van Suidwes-Afrika			
(a)	Administration of South West Africa	—	—
Ander Goewermente			
(b)	Other Governments	554,805 12 4	554,805 12 4
Voorskotte aan publieke liggame			
13. Advances to Public Bodies			
	19 10 8	1,833,485 4 2	1,833,504 14 10
Grondbesit ander as bankperseel			
14. Landed Property other than Bank Premises			
	223 13 10	32,009 0 10	32,232 14 8

Bankperseel, meubels, ens.			
15. Bank Premises, Furniture, etc.	15,208 0 0	2,761,344 12 5	2,776,552 12 5
Bate ander as die voorafgaande			
16. Assets other than the foregoing	36,409 12 7	631,482 8 0	667,892 0 7
	<u>£782,984 16 9</u>	<u>116,107,545 0 4</u>	<u>116,890,529 17 1</u>

(Gesamentlike bedrag van lenings aan en skulde van direkteurs, ouditeurs of amptenare van die bank en van enige firmas of vennootskappe, waarin hulle of enigeen van hulle enige direkte belang het, £569.10.0 binne Suidwes-Afrika, £178,867.0.9 buite Suidwes-Afrika.)

(Aggregate amount of Loans to and Liabilities of Directors, Auditors, or Officers of the Bank, and of any firms or partnerships in which they or any of them have any direct interest, £569.10.0 in South West Africa, £178.867.0.9 outside South West Africa.)

Opgawe kragtens paragraaf (a) van subartikel (1) van artikel agt van die Bankeproklamasie 1930 vereis.

Opgawe van Laste en Bate van die OHLTHAVER & LIST TRUST CO. LTD., WINDHOEK, op die een-en-dertigste dag van Desember 1939.

Statement required by paragraph (a) of sub-section (1) of section eight of the Banks Proclamation, 1930.

Statement of Liabilities and Assets of the OHLTHAVER & LIST TRUST CO. LTD., WINDHOEK, on the thirty-first day of December, 1939.

Laste — Liabilities

	In die Gebied. In the Territory	Buite die Gebied. Outside the Territory	Totaal. Total.
Getekende Kapitaal			
1. Subscribed Capital	£10,000 0 0		£10,000 0 0
Opbetaalde Kapitaal			
2. Paid-up-Capital	10,000 0 0		10,000 0 0
Reserwefondse:			
3. Reserve Funds:			
Gewone			
Ordinary	20,000 0 0		20,000 0 0
Voorwaardelike fonds			
Contingency fund	5,000 0 0		5,000 0 0
Spesiaal			
Special	4,000 0 0		4,000 0 0
Note in omloop			
4. Notes in circulation	nil		nil
Spaarbank-depositos			
5. Saving Bank Deposits	nil		nil
Regeringsdepositos			
6. Government Deposits	nil		nil
Ander depositos:			
7. Other Deposits:			
Tyd			
(a) Time	1,570 8 4	750 0 0	2,320 8 4
Aanvraag			
(b) Demand	17,902 15 5	713 1 8	18,615 17 1
Balanse verskuldig aan ander banke			
8. Balances due to other Banks	nil	377 7 3	377 7 3
Balanse verskuldig aan hoofkantoor en takke			
9. Balances due to Head Office and Branches	nil	nil	nil
Wisselbriewe betaalbaar			
10. Bills payable	nil	nil	nil
Verpligtings ander as die voorafgaande			
11. Liabilities other than foregoing	6,238 4 2		6,238 4 2
Voorwaardelike Laste:			
Contingent Liabilities:			
Waarborg vir eerste verband			
(a) Guarantee for first Mortgage Bond	£2,500		
Ander waarborge			
(b) Other Guarantees	300		
	<u>£ 64,711 7 11</u>	<u>1,840 8 11</u>	<u>66,551 16 10</u>

Bate. — Assets.

	In die Gebied. In the Territory.	Buite die Gebied. Outside the Territory.	Totaal. Total.
Muntstukke in hande en onderweg			
1. Coin in hand and in transit	18 8 5		18 8 5
Staafgoud in hande en onderweg			
2. Bullion in hand and in transit	nil		nil
Geld op aanvraag of kort kennisgewing			
3. Money at call or short notice	nil		nil

Note van ander Banke			
4. Notes of other Banks	2.499 0 0		2.499 0 0
Note en goudmuntstukke vreemde muntwese			
Notes and gold coins foreign currency	65 3 3		65 3 3
5. Balans verskuldig deur Suid-Afrikaanse Reserwe Bank			
Balance due by South African Reserve Bank	nil		nil
Balans verskuldig deur ander Banke			
6. Balance due by other Banks	22.324 9 2	1.016 4 0	23.340 13 2
Sekuriteite:			
7. Securities:			
Britse en Britse Gemenebes en Koloniale in-			
sluitende Tesourie wisselbriewe			
(a) British and British Dominion and Colonial	nil	2.465 4 0	2.465 4 0
incl. Treasury Bills			
Ander Regerings			
(b) Other Governments	nil	1 0	1 0
Ander Sekuriteite			
(c) Other Securities	10.432 0 10	0 3 0	10.432 3 10
Wisselbriewe onder diskonto:			
8. Bills under discount:			
lopende			
(a) current	358 7 6		358 7 6
agterstallige en onbetaalde			
(b) overdue and unpaid	nil		nil
Lenings en Voorskotte ander as Wisselbriewe:			
9. Loans and Advances other than Bills:			
verseker			
(a) secured	19.534 13 10		19.534 13 10
nie verseker nie			
(b) unsecured	5.892 4 4		5.892 4 4
Balans verskuldig deur hoofkantoor en takke			
10. Balance due by Head Office and Branches	nil		nil
Voorskotte aan die Gebied			
11. Advances to the Territory	nil		nil
Voorskotte aan publieke liggame			
12. Advances to Public Bodies	nil		nil
Grondbesit ander as Bankperseel			
13. Landed Property other than Bank Premises	nil		nil
Bankperseel, meubels, ens.			
14. Bank Premises, Furniture, etc.	942 17 6		942 17 6
Bate ander as die voorafgaande			
15. Assets other than the foregoing	1.003 0 0		1.003 0 0
	£ 63.070 4 10	3.481 12 0	66.551 16 10

Gesamentlike bedrag van lenings aan en skulde van direkteur, ouditeurs of amptenare van die Bank en van enige firma of vennootskappe, waarin hulle of enigeen van hulle enige direkte belang het: £330 19 0.

Aggregate amount of loans and liabilities of director, auditors or officers of the Bank and of any firm or partnerships in which they or any of them have any direct interest: £330 19 0.

Advertensies.

Advertisements.

ADVERTEER IN DIE OFFISIELE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA.

1. Die *Offisiële Koerant* sal op die 1ste en 15de van elke maand verskyn; ingeval een van hierdie dae op 'n Sondag op Publieke Feesdag val, dan verskyn die *Offisiële Koerant* op die eersvolgende werkdag.

2. Advertensies wat in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word moet in die taal waarin hulle sal verskyn ingehandig word aan die kantoor van die Sekretaris vir Suidwes-Afrika (Kamer 49, Regerings-Geboue, Windhoek) nie later as 4.30 n.m. op die neënde dag voor die datum van verskyning van die *Offisiële Koerant* waarin die advertensies moet geplaas word nie.

3. Advertensies word in die *Offisiële Koerant* geplaas agter die offisiële gedeelte, of in 'n ekstra blad van die *Koerant*, soos die Sekretaris mag goedvind.

4. Advertensies word in die *Offisiële Koerant* gepubliseer in die Engelse, Afrikaanse en Duitse tale; die nodige vertalinge moet deur die adverteerder of sy agent gelewer word. Dit moet onthou word dat die Duitse teks van die *Offisiële Koerant* slegs 'n vertaling is, en nie die geoutoriseerde uitgawe is nie.

ADVERTISING IN THE OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA.

1. The *Official Gazette* will be published on the 1st and 15th day of each month; in the event of either of those days falling on a Sunday or Public Holiday, the *Gazette* will be published on the next succeeding working day.

2. Advertisements for insertion in the *Gazette* must be delivered at the office of the Secretary for South West Africa (Room 49, Government Buildings, Windhoek) in the languages in which they are to be published, not later than 4.30 p.m. on the *ninth* day before the date of publication of the *Gazette* in which they are to be inserted.

3. Advertisements will be inserted in the *Gazette* after the official matter or in a supplement to the *Gazette* at the discretion of the Secretary.

4. Advertisements will be published in the *Official Gazette* in the English, Dutch or German languages; the necessary translations must be furnished by the advertiser or his agent. It should be borne in mind however, that the German version of the *Gazette* is a translation only and not the authorised issue.

5. Slegs wetsadvertensies word aangeneem vir publikasie in die *Offisiële Koerant*, en hulle is onderworpe aan die goedkeuring van die Sekretaris vir Suidwes-Afrika, wat die aanneming of verdere publikasie van 'n advertensie mag weier.

6. Advertensies moet sover as moontlik op die masjien geskryf wees. Die manuskrip van advertensies moet slegs op een kant van die papier geskryf word, en alle name moet duidelik wees; ingeval 'n naam ingevolge onduidelike handskrif foutief gedruk word, dan kan die advertensies slegs dan weer gedruk word as die koste van 'n nuwe opneming betaal word.

7. Die jaarlikse intekengeld vir die *Offisiële Koerant* is 20/-, posvry in hierdie Gebied en die Unie van Suid-Afrika, verkrygbaar van die here John Meinert, Bpk., Posbus 56, Windhoek. Posgeld moet vooruit betaal word deur oorseese intekenaars. Enkele eksemplare van die *Offisiële Koerant* is verkrygbaar of van die here John Meinert, Bpk., Posbus 56, Windhoek, of van die Sekretaris vir Suidwes-Afrika, teen die prys van 1/- per eksemplaar.

8. Die koste vir die opname van advertensies, behalwe die kennisgewings, wat in die volgende paragraaf genoem is, is teen die tarief van 7/6 per duim enkel kolom, en 15/- per duim dubbel kolom, herhalings teen half prys. (Gedeeltes van 'n duim moet as 'n volle duim bereken word.)

9. Kennisgewings aan krediteure en debiteure in die boedels van oorlede persone, en kennisgewings van eksekuteurs betreffende likwidasierekenings, wat vir inspeksie lê, word in skedule-vorm gepubliseer teen 12/- per boedel.

10. Geen advertensie sal geplaas word nie, tensy die koste vooruit betaal is. Tjeks, wissels, pos- of geldorders moet betaalbaar gemaak word aan die Sekretaris vir Suidwes-Afrika.

5. Only legal advertisements are accepted for publication in the *Official Gazette*, and are subject to the approval of the Secretary for South West Africa, who can refuse to accept or decline further publication of any advertisement.

6. Advertisements should as far as possible be type-written. Manuscript of advertisements should be written on one side of the paper only, and all proper names plainly inscribed; in the event of any name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the advertisement can only be republished on payment of the cost of another insertion.

7. The Subscription for the *Official Gazette* is 20/- per annum, post free in this Territory and the Union of South Africa obtainable from Messrs. John Meinert Ltd., Box 56, Windhoek. Postage must be prepaid by Overseas subscribers. Single copies of the *Gazette* may be obtained either from Messrs. John Meinert Ltd., Box 56, Windhoek, or from the Secretary for South West Africa at the price of 1/- per copy.

8. The charge for the insertion of advertisements other than the notices mentioned in the succeeding paragraph is at the rate of 7/6 per inch single column and 15/- per inch double column, repeats half price. (Fractions of an inch to be reckoned an inch.)

9. Notices to Creditors and Debtors in the estates of deceased persons and notices of executors concerning liquidation accounts lying for inspection, are published in schedule form at 12/- per estate.

10. No advertisement will be inserted unless the charge is prepaid. Cheques, drafts, postal orders or money orders must be made payable to the Secretary for South West Africa.

KENNISGEWINGS VAN KURATORS EN BOEDELBEREDDERAARS. Ingevoelge artikel *vier-en-estig*, onderartikel

(3), artikel *sewentig* en artikel *neën-en-dertig*, onderartikel (2) van die Insolvensie-Ordonnansie 1928.

Kennis word hiermee gegee dat die persone vermeld in die aangehegte Bylae as kurators of boedelberedderaars, soos die geval mag wees, van die daarin as gesekwestreer of afgestaan vermelde boedels aangestel is; en dat persone, wat geld aan die boedels skuld hul skulde by die aangegewe adresse binne die tydperke vermeld in die Bylae moet betaal.

Verder dat 'n byeenkoms van skuldeisers (dus die tweede byeenkoms in diegene van die boedels wat gesekwestreer is) met betrekking tot vermelde boedels op die datums, tye en plekke vermeld in die Bylae gehou sal word vir die bewys van aansprake teen die boedel, die ontvangs van die verslag van die kurator of die boedelberedderaar omtrent die aangeleenthede en toestand van die boedel, asook vir die verstrekking van instruksies aan die kurator of boedelberedderaar betreffende die verkoop of opvordering van enige gedeelte van die boedel of betreffende enige aangeleentheid in verband met die beheer daarvan.

In Windhoek word die byeenkomste voor die Meester gehou en op ander plekke voor die Magistraat.

NOTICES OF TRUSTEES AND ASSIGNEES. Pursuant to Section *sixty-four*, Sub-section (3), Section *seventy* and Section *thirty-nine*, Sub-section (2), of the Insolvency Ordinance, 1928.

Notice is hereby given that the persons mentioned in the subjoined Schedule have been appointed Trustees or Assignees, as the case may be, of the Estates therein mentioned as having been sequestrated or assigned, that their addresses are therein set forth; and that the persons indebted to the Estates are required to pay their debts at the said addresses within the periods mentioned in the Schedule.

Further, that a meeting of creditors (being the second meeting in such of the said Estates as are under sequestration) will be held in the said Estates on the dates and at the times and places mentioned in the Schedule, for the proof of claims against the Estate, for the purpose of receiving the Trustee's or Assignee's report as to the affairs and condition of the Estate, and of giving the Trustee or Assignee directions concerning the sale or recovery of any part of the Estate, or concerning any matter relating to the administration thereof.

Meetings in Windhoek will be held before the Master; elsewhere they will be held before the Magistrate.

Form. No. 3. / Form. No. 3.

BYLAE.—SCHEDULE.

No. van Boedel No. of Estate	Naam en beskrywing van Boedel Name and Description of Estate	Of Boedel afgestaan of gesekwestreer is Whether Assigned or Sequestrated	Naam van Kurator of Boedelberedderaar Name of Trustee or Assignee	Volledige adres van Kurator of Boedelberedderaar Full Address of Trustee or Assignee	Dag, Datum- en Uur van Byeenkoms Day, Date and Hour of Meeting			Plek van Byeenkoms Place of Meeting	Tyd binne welke skuld betaal moet word Time within which debts payable
					Dag Day	Datum Date	Uur Hour		
485	Joseph Johannes Fourie, a farmer of Huniamps West, district Warmbad	Sequestrated	J.N.vanNiekerk	Box 17, Karasburg	Wednesday	13/3/40	10 a.m.	Warmbad	

KENNISGEWING VAN KURATORS EN BOEDELBEREDDERAARS. Ingevolge artikel *ses-en-neëntig*, onderartikel (2) van die Insolvensie-Ordonnansie 1928.

Kennis word hiermee gegee, dat die likwidasierekenings en state van distribusie of/en kontribusie in die boedels, vermeld in aangehegte Bylae, vir inspeksie deur skuldeisers in die vermeldde kantore, gedurende 'n tydperk van veertien dae of soveel langer, soos daarin vermeld, vanaf die datum, in die Bylae vermeld, of vanaf die datum van publikasie hiervan, watter datum die laaste mag wees, sal lê.

NOTICES OF TRUSTEES AND ASSIGNEES. Pursuant to Section *ninety-six*, Sub-section (2), of the Insolvency Ordinance, 1928.

Notice is hereby given that the liquidation accounts and plans of distribution or/and contribution in the Estates mentioned in the subjoined Schedule will lie open at the offices therein mentioned for a period of fourteen days, or such longer period as is therein stated, from the date mentioned in the Schedule or from the date of publication hereof, whichever may be later, for inspection by creditors.

Form. No. 6 / Form. No. 6.

BYLAE. — SCHEDULE.

No. van Boedel No. of Estate	Naam en Beskrywing van Boedel Name and Description of Estate	Beskrywing van Rekening Description of Account	Kantore waar Rekening vir inspeksie sal lê Offices at which Account will lie open		Datum vanaf wanneer Rekening vir inspeksie sal lê Date from which Account will lie open
			Meester Master	Magistraat Magistrate	Van/From
468	Insolvent Estate of Richard Friedrich Martin Engel	Second Liquidation and Distribution Account	Windhoek	Omaruru	5-3-1940

KENNISGEWING DEUR EKSEKUTEURS BETREFFENDE LIKWIDASIE-REKENINGS TER INSAGE.

Artikel 68, Wet No. 24 van 1913, soos toegepas op Suidwes-Afrika.

Kennisgewing geskied hiermee dat duplikate van die Administrasie- en Distribusierekenings in die boedels vermeld in die navolgende Bylae, ter insage van al die persone, wat daarin belang het, op die kantore van die Meester en die Magistraat, soos voormeld, gedurende 'n tydperk van drie weke (of langer indien spesiaal vermeld) vanaf vermeldde datums, of vanaf datum van publikasie hiervan, watter datum die laaste mag wees, sal lê. As geen beswaar daarteen by die Meester binne die vermeldde tydperk ingedien word nie, sal die betrokke eksekuteur oorgaan tot uitbetaling ooreenkomstig vermeldde rekenings.

NOTICE BY EXECUTORS CONCERNING LIQUIDATION ACCOUNTS LYING FOR INSPECTION.

Section 68, Act No. 24 of 1913, as applied to South West Africa.

Notice is hereby given that copies of the Administration and Distribution Accounts in the Estates specified in the attached Schedule will be open for the inspection of all persons interested therein for a period of 21 days (or longer if specially stated) from the dates specified, or from the date of publication hereof, whichever may be later, and at the Offices of the Master and Magistrate as stated. Should no objection thereto be lodged with the Master during the period of inspection the Executors concerned will proceed to make payments in accordance therewith.

BYLAE.—SCHEDULE.

Boedel No. Estate No.	BOEDEL VAN WYLE ESTATE LATE	Beskrywing van Rekening Description of Account	Datum Tydperk Date Period	Office of the Kantoor van die Meester Magistraat		Naam en adres v. eksekuteur of gemagtigde Agent Name and Address of Executor or authoriz. Agent
				Meester Master	Magistraat Magistrate	
2294	Gustav Noelting	First Liquid. and Distrib. Account	21 days	Windhoek	Otjiwarongo	J. H. Shar, Executor Dative, Box 452, Windhoek
2362	Georg Friedrich Nauhaus	First and Final Liquidation and Distrib. Account	21 days from 4/3/40	Windhoek	Gobabis	Frieda Nauhaus, c/o The Standard Bank of S. A., Limited, Gobabis
2384	James Curlewis & surviving spouse Alice Ethel Winifred Curlewis, born Jeppe	First and Final Liquidation and Distrib. Account	21 days from 4/3/40	Windhoek		A. E. W. Curlewis, Box 287, Windhoek
2491	Helmer Emil Gustav Lohmann	First and Final	21 days from 2/3/40	Windhoek	Swakopmund	W. B. Riesle, Box 25, Swakopmund
52975	Rashed Fares Chamly and surviving spouse Mary Chamly, born Barket, of Osterode Sued, District Gibeon	Second Liquidation and Distrib. Account	21 days from 2/3/40	Windhoek	Mariental	I. Lax, Attorney, Box 31, Prieska, C. P.

KENNISGEWING AAN SKULDEISERS EN SKULDENAARS. BOEDELS VAN OORLEDE PERSONE. Artikel 46, Wet No. 24 van 1913, soos toegepas op Suidwes-Afrika.

Skuldeisers en skuldenaars in die Boedels wat vermeld is in bygaande Bylae, word versoek om hul vorderings in te lewer en hul skulde te betaal by die kantore van die betrokke Eksekuteurs binne die gemelde tydperke, vanaf die datum van publikasie hiervan.

NOTICE TO CREDITORS AND DEBTORS. ESTATES OF DECEASED PERSONS. Section 46, Act No. 24 of 1913, as applied to South West Africa.

Creditors and Debtors in the Estates specified in the annexed Schedule are called upon to lodge their claims with and pay their debts to the Executors concerned within the stated periods calculated from the date of publication hereof.

BYLAE.—SCHEDULE.

Boedel Estate No.	BOEDEL VAN WYLE ESTATE LATE	Datum van Sterfgeval Date of death	Binne 'n tydperk van Within a period of	Naam en Adres van Eksekuteur of gemagtigde Agent Name and Address of Executor or authorized Agent
2500	John Alfred Humphries	20- 3-39	21 days	W. B. Riesle, Box 25, Swakopmund
2531	Barend Johannes Burger, van Karasburg	3-11-39	30 daë	J. P. Burger, Blackingstraat 47, Beaconsfield
2538	Wilhelm Langenberg	17- 1-40	21 days	A. A. Langenberg, c/o L. Zinman, Box 4, Usakos
2546	William Arthur Huskins	16- 1-40	30 days	Gertrude Susan Huskins, Box 254, Windhoek, Executrix Testam.
2547	Petrus Gideon van Zyl	13- 1-40	21 days	L. J. Haasbroek, Box 26, Outjo, Attorney for Executr. Testam.
2551	Philip Godfried Andrias van Schalkwyk	24- 7-39	30 days	Hester Johanna Helena van Schalkwyk, p/a Justizrat Dr.A.Stark, Box 37, Windhoek
2552	Cornelia Gertruida Nel, gebore Visser, in haar leeftyd Huisvrou, van die plaas Katzies, in die Aroab distrik	9-10-39	30 daë	Alec E. Rissik, Agent vir die Eksekuteur Testamentêr, Bus 90, Kaiserstr, Keetmanshoop

KENNISGEWING.

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 7 (1) (c) van Ordonnansie No. 7 van 1937 dat dit besluit is om die paaie beskryf in die Bylae hiervan as distrikspaaie in die distrik van Warmbad te proklameer in die plek van die paaie No. 104, 105 en 106 wat in die kennisgewing wat in Offisiële Koerant No. 804 (bladsy 2097) van 1 Augustus 1939 verskyn.

Alle belangstellende persone word hiermee gevra om binne twee maande vanaf bekendmaking hiervan hulle besware teen bogemelde besluit by my in skrif in te handig.

W. F. BAYER,
Magistraat.

BYLAE.

Distrikspad No. 104.

Vanaf 'n punt op Distrikspad No. 103 op die plaas Ukamas No. 69 en ongeveer twee myle noordwes van die Ukamas Skool, algemeen noordwaarts oor die plaas Ukamas No. 69 naby die watergat Swartdoring verby, die westelike deel van die plaas Gaputz No. 64 en die plaas Swartkop No. 63 tot by 'n punt naby die opstal op laasgenoemde plaas; vandaar verder ooswaarts oor die plaas Swartkop No. 63 en Gaputz No. 64 tot by 'n punt naby die opstal met die boorgat op die laasgenoemde plaas; vandaar verder algemeen noordweswaarts oor die plase Gaputz No. 64 en Swartkop No. 63 tot by die grens van die plaas Arizona No. 113 in die distrik van Aroab.

Distrikspad No. 105.

Vanaf 'n punt op Hoofpad No. 7 op die plaas Heiragabis No. 60 ongeveer 'n myl noord van die Kums Spoorwegvoorman se huis, noordwaarts oor die plaas Heiragabis No. 60, verby die Sendingstasie en die watergat Tietiesputz, en die plaas Nabas No. 61 tot by 'n punt op Distrikspad No. 103 naby die opstal op die laasgenoemde plaas; vandaar oor die plase Nabas No. 61, die westelike hoek van die plaas Swartkop No. 63, die plaas Tigerberg No. 62, ongeveer een myl oostelik verby die opstal op Moolmanshoek en naby die opstal op Tigerberg, tot by die grens van die plaas Eenzaamheid No. 102 in die distrik van Aroab.

NOTICE.

Notice is hereby given in terms of Section 7 (1) (c) of Ordinance No. 7 of 1937 that it has been decided to proclaim the roads described in the Schedule hereto as District Roads in the district of Warmbad to replace those appearing under Nos. 104, 105 and 106 in the notice published in Official Gazette No. 804 (page 2079) of the 1st August, 1939.

All interested persons are hereby called upon to lodge with me in writing within two months after the publication hereof their objections to the aforementioned decision.

W. F. BAYER,
Magistrate.

SCHEDULE.

District Road No. 104.

From a point on District Road No. 103 on the farm Ukamas No. 69 and about two miles North West of the Ukamas School, generally northwards via the farm Ukamas No. 69 passing near the waterhole known as Swartdoring, the western portion of the farm Gaputz No. 64 and the farm Swartkop No. 63 to a point near the homestead on the last mentioned farm; thence Eastwards via the farms Swartkop No. 63 and Gaputz No. 64 to a point near the homestead with the borehole on the last mentioned farm; thence generally North westwards via the farms Gaputz No. 64 and Swartkop No. 63 to the boundary of farm Arizona No. 113 in the District of Aroab.

District Road No. 105.

From a point on Main road No. 7 on the farm Heiragabis No. 60 about one mile north of the Kums Railway Ganger's cottage, northwards via the farm Heiragabis No. 60, passing the Mission Station and the waterhole Tietiesputs, and the farm Nabas No. 61 to a point on District Road No. 103 near the homestead on the last mentioned farm; thence continuing via the farms Nabas No. 61, the western corner of the farm Swartkop No. 63, the farm Tigerberg No. 62 passing about a mile to the east of the homestead known as Moolmanshoek and near the homestead known as Tigerberg, to the boundary of farm Eenzaamheid No. 102 in the District of Aroab.

MOTORTRANSPORT. — MOTOR CARRIER TRANSPORTATION.

Die onderstaande aansoeke om motortransportsertifikate word kragtens sub-artikel 1 van artikel 13 van die Motor-transportwet, en sub-artikel 2 van regulasie 2 gepubliseer.

Skriftelike vertoë (in duplikaat) tot ondersteuning of bestryding van hierdie aansoeke moet binne tien dae vanaf die datum van hierdie publikasie aan die Raad of betrokke plaaslike raad gerig word.

The undermentioned applications for motor carrier certificates are published in terms of sub-section 1 of section 13 of the Motor Carrier Transportation Act, and sub-section (2) of regulation 2.

Written representations (in duplicate) in support of, or in opposition to, such applications must be made to the Board or local board concerned within ten days from the date of this publication.

No. van aansoek. No. of application.	Naam van applikant. Name of applicant.	Aard van voorgestelde motortransport en getal voertuie. Nature of proposed motor carrier transportation and number of vehicles.	Plekke waartussen en roetes waaroor, of die gebied waarin die voorgestelde motor- transport gedryf sal word. Points between and routes over, or area within which the proposed motor carrier transportation is to be effected.
Sentrale Padvervoerraad, Pretoria. Central Road Transportation Board, Pretoria. AM 562	H. L. Nyhof	Passasiers en goedere en applikant se eie goedere 1 voertuig. Applicant's own goods Passengers and goods 1 vehicle	Steinkopf—Karasburg, Warmbad Warmbad magistraatsdistrik/ magisterial district.